

Slaan 'n nuwe blaadjie om met jou finansies

Hoe kan jy 'n nuwe blaadjie omslaan met jou finansies ondanks die ekonomiese situasie in ons land, as jy dalk in 'n skuldverknorsing beland het of dom finansiële besluite gemaak het?

Deur ANSJA FERREIRA

"Sielkundig is dit ook 'n splinternuwe jaar waarin 'n nuwe koers ingeslaan kan word met betrekking tot jou lewe en finansies, sê Izak Strauss, 'n welvaarts-afgrigter en kenner op die gebied van persoonlike welvaart.

"Enige finansiële verknorsing en swak besluite kan met die regte hulp en raad omgekeer word. Jy moet egter persoonlike verantwoordelijkheid neem, jou deel daarin erken en daarna jou trots in jou sak steek en iets daaraan begin doen."

Volgens Izak is uitstel die grootste vyand van persoonlike finansies. "Besluit om daadwerklik op te tree en neem beheer van jou finansies – laat geld jou dien en nie andersom nie. Dit is 'n denkwysie wat aangeleer moet word.

"Nelson Mandela het gesê: 'Opvoeding is die kragtige wapen waarmee jy die wêreld kan verander.' Die meeste finansiële probleme spruit uit 'n gebrek aan kennis. Die ironie hiervan is dat die grootste geleenthede om welvaart te skep juis in tye van onsekerheid en swak ekonomiese omstandighede ontstaan."

Volgens Izak sal 'n verhoogde finansiële IK tot verhoogde emosionele intelligensie, selfkennis en die verbetering van jou denkwysie en verhouding teenoor geld lei. Sodoende word jy in staat gestel om weldeurdragte en ingeligte finansiële besluite te neem, wat met jou persoonlike waardes en prioriteite verenigbaar is. Dit kan die

vinnigste en doeltreffendste bereik word onder leiding van 'n welvaartsafgrigter wat die praktiese, asook emosionele aspekte kan saamvat.

Dit is belangrik om jou finansies en lewensdoelwitte te verenig. Dit behels dat jy eerstens lewensdoelwitte moet stel en jou finansies daar rondom struktureer. Die eindpunt moet geskep word en dan moet daar teruggewerk word na die hede, ten einde te bepaal wat die kort- tot mediumtermyn-doelwitte is. Sodra die doelwitte gestel is, moet spesifieke welvaartsvoertuie (byvoorbeeld trusts) in plek gesit word ten einde die doelwitte te bereik, sê hy.

Volgens Izak is die eenvoudige strategie om te volg om minder te bestee as wat jy verdien, skuld te vermy en vir groei te belê.

"Maak dit jou persoonlike leuse met betrekking tot finansiële besluite, aangesien dit die klein, daaglikse besluite is wat ons neem (hoe ons oor geld redeneer) wat ons welvaart die meeste beïnvloed."

Izak verduidelik hoe 'n mens kan leer begroot en afskaal: "Om te meet, is om te weet. Weet wat jou inkomste is – gebruik jou salarisstrokie. Weet wat jou basiese maandelikse uitgawes is, soos huur, voertuigpaaielemente, versekering en mediese fonds. Meet jou kleiner uitgawes deur al jou strokies te hou en maandeliks 'n opname daarvan te maak, asook om jou bankstate na te gaan. Stel nou 'n begroting op in ooreenstemming met jou waardes en finansiële doelwitte en hou daarby!"

IZAK GEE OOK 'N PAAR PRAKTIESE WENKE

- ▶ Verminder jou kredietkaartsuld en rente deur die versnelling van betalings. Een kredietkaart is meer as genoeg om noodgevalle en onverwagse kostes te dek. Gaan jou maandelikse kredietkaart-rekening na, bereken die rente daarop en vermenigvuldig dit met 12. Jy sal geskik wees oor wat jy jaarliks mors deur jou kaart in plaas van kontant te gebruik. Sodra jou skuld vereffen is, kan jy in jou toekoms begin belê.
- ▶ Weet wat jou persoonlike "begrotingsbrekers" (*budget busters*) is. Baie van ons het 'n Achilleshiel wanneer dit by impulsiewe besteding kom. Stel vas wat jou grootste impulsiewe aankope is en weerhou jouself daarvan om daaraan toe te gee.
- ▶ Alles in die lewe is onderhandelbaar! Jy hoef nie sigwaarde te betaal vir iets as dit nie nodig is nie. Jy mag dalk nie afslag bekom nie, maar jy sal sekerlik nooit afslag kry as jy nie daarvoor vra nie. Begin klein en deur goed voorbereid te wees met betrekking tot die waarde van spesifieke artikels waarna jy op soek is. In sy boek *Getting More in Business and Life* skryf Stuart Diamond: "In onderhandelinge gaan dit nie daaroor om alles te bekom nie, maar slegs om meer te bekom."
- ▶ Spaar jou verhoging of jaarlikse bonus. Dit is noodsaaklik om 'n noodfonds te hê en vir die toekoms te belê. As jou voorverhogingsalaris reeds jou rekening dek, spaar jou ekstra kontant vir aftrede, doelwitte of universiteitsgeld. Wanneer jy vir die lang termyn belê, is jou "verhoging" eintlik besig om deur beleggingsverdienstes en winste dubbele groei te bewerkstellig. 'n Gebalanseerde portefeulje werk goed om jou salaris op die duur te rek.

16 Vrouekeur 5 Februarie 2016

VOLG DIË RIGLYNE EN VERMY FINANSIËLE FOUTE

Peter Dempsey, adjunk-uitvoerende hoof van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (Asisa), lig die volgende algemene foute uit wat verbruikers maak:

BEGROTING

Die meerderheid verbruikers hou nie rekord van wat hulle verdien, wat hulle bestee en waarop hulle dit bestee nie. 'n Maandelikse begroting sal jou help om swak bestedingsgewoontes te identifiseer sodat jy die stappe kan neem om binne jou vermoë te leef en skuld te vermy.

BEGROTINGSPRIORITEITE

Baie mense spandeer eers en spaar dan wat aan die einde van die maand oor is, as daar wel iets oor is. Jy moet eers jou maandelikse spaargeld opsysit en dan kan jy bestee wat oor is.

DOOD- EN ONGESKIKTHEIDS-VERSEKERING

Baie Suid-Afrikaners besef nie wat die finansiële implikasie is om 'n broodwinner weens dood of ongeskiktheid te verloor nie. Ons wil nie dink aan wat sal gebeur as ons doodgaan nie en min mense verstaan werklik wat dit vir ons geliefdes kan beteken. Baie min mense beskerm ook hulself van die finansiële gevolge as hulle ongeskik sou raak. As jy dalk 'n jong persoon sonder afhanklikes is, sal jy byvoorbeeld nie ongeskiktheidsversekering as 'n prioriteit stel nie en versuim om te oorweeg hoe jy jouself sal onderhou as jy 'n ongeluk sou oorkom. Terwyl jy nog jonk is, dink jy dalk dat jy nie lewens- of ongeskiktheidsversekering benodig nie en kom dalk later agter dat jy onversekerbaar is wanneer jy wel as gevolg van siekte of ongeskiktheid dekking nodig het.

MEDIËSE KOSTES

As jy jonk is, is jou mediese kostes in die algemeen baie laag en kan jy dalk nie in die gewoonte kom om vir onverwagte mediese uitgawes voor te berei nie. Diegene wat die goedkoopste hospitaalplanne kies, moet ook bewus wees van die beperkings van hierdie planne en die diepgaande risiko's en kostes wat jou steeds in die gesig staar. Dit is beter om 'n mediese fonds te kry wanneer jy nog jonk is sodat jy in die gewoonte kan kom

om mediese dekking in jou maandelikse begroting in te werk.

VERSEKERING VAN BATES

Te min verbruikers het voldoende versekering vir al hul bates, insluitende hul huise en motors. Jy dink dalk dat jy eerder geld van versekeringspremies wil spaar en self vir enige onverwagte uitgawes wil betaal, maar hierdie benadering kan jou met aansienlike skuld en finansiële probleme laat.

VERBRUIK

Suid-Afrika het 'n kultuur van opsigtelike verbruik en baie mense het nie die dissipline om op hul uitgawes terug te sny nie. Besteding kan verleideliker as spaar en belegging wees, maar jy sal moet kyk na wat belangrik is.

BEREI VIR DIE ONVERWAGTE VOOR

Baie verbruikers is nie voorbereid vir die lewe se verrassings en onverwagte omstandighede nie. Met die groei van die toebroodjiegenerasie, sal jy dalk jou kinders en ouers vir langer moet onderhou. Mense leef ook langer en moet dit ook in gedagte hou by hul aftredebeplanning. As jy toepaslike besparings het, behoort jy in staat te wees om die lewe se verrassings te kan hanteer.

SWAK ADVIES

Te veel Suid-Afrikaners volg die raad van vriende en familie eerder as dié van gekwalifiseerde professionele persone. Baie verbruikers is byvoorbeeld onder die wanopvatting dat lewensversekering duur is en dat die maatskappye nie voordele betaal nie, daarom neem hulle nie lewensversekering uit nie. Statistieke toon egter dat lewensversekeraars 98% van alle eise verlede jaar uitbetaal het. Ander word verlei deur die belofte van hoë opbrengste van riskante beleggingsondernemings. As die skema egter aansienlik hoër opbrengste as die markgemiddelde aanbied, is jou belegging aan 'n beduidende risiko onderhewig of is dit dalk 'n bedrieglike skema. Om jou beleggings wys te beplan, moet jy 'n gekwalifiseerde finansiële adviseur raadpleeg.

BESTUUR JOU SKULD

Talle Suid-Afrikaanse gesinne finansier

hul lewenstyl met geleende geld. Volgens **Frank Lenisa**, direkteur by die kredietburo Compuscan, is 'n skuld-tot-inkomste-verhouding wat as gesond beskou kan word, enigiets onder 36,99%, solank as wat 'n bestendige inkomste verdien word. Die verswakte rand en gereelde verhogings in kos- en brandstofpryse lei daartoe dat baie Suid-Afrikaanse verbruikers onder bykomende finansiële druk verkeer.

Die jongste data deur Compuscan wys egter dat verbruikers groter pogings aanwend om hul kredietterugbetalings te prioritiseer, selfs al gaan baie van hulle onder bykomende finansiële druk gebuk.

Compuscan gee die volgende wenke om verbruikers te help om hul skuld goed te bestuur:

- 1 Stel 'n begroting op en hou daarby. Sluit 'n skuldkontrolelys in om te prioritiseer watter skuld jy eerste moet afbetaal.
- 2 Identifiseer waarop jy te veel bestee en beperk daardie uitgawes. Vermy dit om geld te bestee wat jy nie het nie op goedere of ervarings wat nie absoluut noodsaaklik is nie (dinge wat jy eenvoudig net wil hê).
- 3 Sluit onnodige rekeninge wat jou in die versoeking mag lei om meer te bestee as wat jy kan bekostig. Beperk jouself tot slegs 'n paar rekeninge.
- 4 Kontak jou kredietverskaffers om oor jou betalingsplan te onderhandel as jy finansiële probleme het. Soek professionele leiding oor hoe jy jou skuld kan bestuur.
- 5 Kry 'n kopie van jou kredietverslag om jou finansiële gesondheid te bepaal. Dit kan via www.mycreditcheck.co.za gedoen word. Dit word aanbeveel dat jy dit op 'n maandelikse basis, maar minstens een maal per jaar, gedoen word.

Kontak die kenners: Izak Strauss by info@izakstrauss.co.za of besoek www.izakstrauss.co.za; Chrizane van Zyl by cvanzyt@compuscan.co.za of besoek www.compuscan.co.za; Besoek www.asisa.org.za \.